

REPUBLIC  
OF  
SOUTH AFRICA



REPUBLIEK  
VAN  
SUID-AFRIKA

# Government Gazette Staatskoerant

1997 VOL 380

Regulation Gazette

No. 5864

Regulasiekoerant

DEPARTMENT OF AGRICULTURE

Vol. 380

PRETORIA, 6 FEBRUARY  
FEBRUARIE 1997

No. 17790

## GOVERNMENT NOTICE GOEWERMENTSKENNISGEWING

DEPARTMENT OF AGRICULTURE  
DEPARTEMENT VAN LANDBOU

No. R. 254

6 February 1997

ANIMAL DISEASES ACT, 1984 (ACT NO. 35 OF 1984)

### ANIMAL DISEASES REGULATIONS: AMENDMENT

The Minister of Agriculture has under section 31 of the Animal Diseases Act, 1984 (Act No. 35 of 1984), made the regulations in the Schedule.

### SCHEDULE

#### Definition

1. In this Schedule "the Regulations" means the Animal Diseases Regulations published by Government Notice No. R. 2026 of 26 September 1986 (as corrected by Government Notice No. R. 2208 of 24 October 1986) as amended by the regulations published by Government Notices Nos. R. 266 of 13 February 1987, R. 2343 of 16 October 1987, R. 884 of 5 May 1988 (as corrected by Government Notice No. R. 1043 of 3 June 1988), R. 39 of 1 March 1991 (as corrected by Government Notice No. R. 931 of 3 May 1991), R. 2358 of 10 December 1991 and R. 1023 of 27 May 1994.

***Amendment of Annexure 3 of the Regulations***

2. Annexure 3 of the Regulations is hereby amended by the deletion of the expressions "Horse sickness" and "Johne's Disease".

***Insertion of Annexure 4 of the Regulations***

3. The following Annexure is hereby inserted after Annexure 3 of the Regulations:

**"ANNEXURE 4**

THE AFRICAN HORSE SICKNESS CONTROLLED AREA OF THE WESTERN CAPE IS DIVIDED INTO THE FOLLOWING THREE ZONES FOR CONTROL PURPOSES:

(1) African Horse sickness free zone:

*Northern boundary:* Blaauwberg Road (M14).

*Eastern boundary:* Koeberg Road (M14), Plattekloof Road (M14), N7 Highway, N1 Highway and M5 Highway.

*Southern boundary:* Ottery Road, Prince George's Drive, Wetton Road, Riverstone Road, Tennant Road, Newlands Drive, Paradise Road, Union Drive, Rhodes Drive up to the Newslands Forestry station and across Echo Gorge of Table Mountain to Camps Bay.

*Western boundary:* Coastline from Camps Bay to Blaauwberg Road.

(2) African Horse sickness surveillance zone:

The Magisterial Districts of Cape Town, Vredenburg, Hopefield, Moorreesburg, Malmesbury, Wellington, Paarl, Stellenbosch, Kuilsrivier, Goodwood, Wynberg, Simonstown, Somerset West, Mitchells Plain and Strand.

(3) African Horse sickness protection zone:

The Magisterial Districts of Vanrhynsdorp, Vredendal, Clanwilliam, Piketberg, Ceres, Tulbach, Worcester, Caledon, Hermanus, Bredasdorp, Robertson, Montagu, Swellendam, Laingsburg, Ladismith, Helderberg, Riversdale, Mosselbaai, Calitzdorp, Oudtshoorn, George, Knysna, Uniondale, Prince Albert, Beaufort West and Murraysburg.

***Amendment of Table 1 of the Regulations***

4. Table 1 of the Regulations is hereby amended by insertion of the following expression after the expression "Korridor- of Buffelsiekte/Corridor or Buffalo Disease":

"5. Afrikaanse Perdesiekte/African Horse sickness      Die provinsie Wes-Kaap/The Province of the Western Cape."

***Amendment of Table 2 of the Regulations***

5. Table 2 of the Regulations is hereby amended by—

(a) the insertion of the following entries in the correct alphabetical order; and

African Horse sickness	Viral disease transmitted by biting insects and characterised by high fever, respiratory distress, subcutaneous oedema and acute death.	Equines and Zebra	1. All equines in the Republic, except equines in the African Horse sickness free zone and surveillance zone, as described in Annexure 4, shall between the ages of 6 and 9 months, then between the ages of 12 and 15 months and then again once every year thereafter be immunised with an effective remedy by the responsible person.	1. Contact animals in a controlled area shall be isolated and immunised as determined by the director.	1. Infected animals in a controlled area shall be isolated for the period determined by the director.
			2. Equines in the African Horse sickness free zone and surveillance zone, as described in Annexure 4, shall only be immunised with the written permission of the director.	Contact animals outside the controlled area shall not be moved into a controlled area without the permission of the director.	2. Infected animals outside the controlled area shall not be moved into a controlled area.

(b) the insertion of the entry "Johne's Disease" in the correct alphabetical order—

"Johne's disease"	Chronic animal disease caused by the bacterium <i>Mycobacterium paratuberculosis</i> and characterised by chronic diarrhoea, progressive emaciation and characteristic corrugated thickening of the mucous membrane of the colon and rectum.	Cattle, sheep and goats	1. Susceptible animals may be tested by an officer or veterinarian.	Contact animals shall be isolated and tested by an officer or veterinarian.	Infected animals shall be isolated and slaughtered at an abattoir destroyed under the supervision of an officer.*
-------------------	--	-------------------------	---	---	---

*Insertion of Regulation 20B of the Regulations*

6. The following regulation is hereby inserted after Regulation 20A of the Regulations:

**"Keeping of Equines and Zebra in the African Horse sickness controlled area (9 (2) (a))**

20B. (1) No person shall keep equines or zebra on any land in the African Horse sickness free zone, as described in Annexure 4, unless such equines, zebra and land are registered with the director for this purpose.

(2) No equines or zebra in the African Horse sickness free zone and African Horse sickness surveillance zone, as described in Annexure 4, may be vaccinated for African Horse sickness without the written permission of the director.

(3) All equines in the African Horse sickness protection zone, as described in Annexure 4, shall be vaccinated against African Horse sickness as contemplated in column 4 of Table 2 opposite the controlled animal disease 'African Horse sickness'.

No. R. 254

6 Februarie 1997

**WET OP DIERESIEKTES, 1984 (WET NO. 35 VAN 1984)**

**DIERESIEKTEREGULASIES: WYSIGING**

Die Minister van Landbou het kragtens artikel 31 van die Wet op Dieresiektes, 1984 (Wet No. 35 van 1984) die regulasies in die Bylae uitgevaardig.

**BYLAE**

**Woordomskrywing**

1. In hierdie Bylae beteken "die Regulasies" die Dieresiekteregulasies gepubliseer by Goewerment kennisgewing No. R. 2026 van 26 September 1986 (soos verbeter deur Goewermentskennisgewing No. R. 220 van 24 Oktober 1986), soos gewysig deur die regulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewings Nos. R. 21 van 13 Februarie 1987, R. 2343 van 16 Oktober 1987, R. 884 van 5 Mei 1988 (soos verbeter deur Goewermentskennisgewing No. R. 1043 van 3 Junie 1988), R. 394 van 1 Maart 1991 (soos verbeter deur Goewermentskennisgewing No. R. 931 van 3 Mei 1991), R. 2358 van 10 Desember 1993 en R. 1023 van 27 Mei 1994.

**Wysiging van Aanhangsel 3 van die Regulasies**

2. Aanhangsel 3 van die Regulasies word hiermee gewysig deur die uitdrukking "Johne se siekte" ("Perdesiekte") te skrap.

**Invoeging van Aanhangsel 4 van die Regulasies**

3. Die volgende Aanhangsel word hiermee na Aanhangsel 3 van die Regulasies ingevoeg:

**"AANHANGSEL 4**

**DIE AFRIKAANSE PERDESIEKTE BEHEERDE GEBIED VAN DIE WES-KAAP-PROVINSIE WOF VIR BEHEERDOELEINDES IN DIE VOLGENDE DRIE SONES VERDEEL:**

(1) Afrikaanse Perdesiekte vry sone:

Noordelike grens: Blaaubergpad (M14).

Oostelike grens: Koebergpad (M14), Plattekloofpad (M14), N7-hoofweg, N1-hoofweg en M5-hoofweg.

*Slideliike grens:* Otteryweg, Prince Georgerylaan, Wettonweg, Riverstoneweg, Tennantweg, Newlandsrylaan, Paradysweg, Unionrylaan, Rhodesrylaan tot by Newlands Bosboustasie en oor Echo Gorge van Tafelberg tot by Kampsbaai.

*Westelike grens:* Die kuslyn van Kampsbaai tot by Blaauwbergpad.

(2) Afrikaanse Perdesiekte-waarnemingsone:

Die landdrosdistrikte Kaapstad, Vredenburg, Hopefield, Moorreesburg, Malmesbury, Wellington, Paarl, Stellenbosch, Kuilsrivier, Goodwood, Wynberg, Simonstad, Somerset-Wes, Mitchells Plain en Strand.

(3) Afrikaanse Perdesiekte-beskermde sone:

Die landdrosdistrikte Vanrhynsdorp, Vredendal, Clanwilliam, Piketberg, Ceres, Tulbach, Worcester, Caledon, Hermanus, Bredasdorp, Robertson, Montagu, Swellendam, Laingsburg, Ladismith, Helderberg, Riversdale, Mosselbaai, Caltizdorp, Oudtshoorn, George, Knysna, Uniondale, Prins Albert, Beaufort-Wes en Murraysburg."

*Wysiging van Tabel 1 van die Regulasies*

4. Tabel 1 van die Regulasies word hiermee gewysig deur die volgende uitdrukking na die uitdrukking "Korridor- of Buffelsiekte/Corridor or Buffalo Diseases" in te voeg:

"5. Afrikaanse Perdesiekte/African Horse sickness      Die provinsie Wes-Kaap/The Province of the Western Cape."

*Wysiging van Tabel 2 van die Regulasies*

5. Tabel 2 van die regulasies word hiermee gewysig deur—

(a) die volgende inskrywings in die korrekte alfabetiese volgorde (in Tabel 2) in te voeg; en

Afrikaanse perdesiekte	n Virussiekte oorgedra deur bytende insekte en gekenmerk deur hoë koers, swaar asemhaling, subkutane swelsels en akute vrektes.	Ekwide en Zebra	1. Alle ekwide in die Republiek, uitgesonderd ekwide in die Afrikaanse Perdesiekte vryzone en waarnemingsone, soos omskryf in Aanhangaal 4, moet tussen die ouerdomme van 6 en 9 maande en dan tussen 12 en 15 maande en dan elke jaar daarna deur die verantwoordelike persoon teen perdesiekte geimmuniseer word met 'n doeltreffende middel. 2. Ekwide en Zebras in die Afrikaanse Perdesiekte vryzone en waarnemingsone soos omskryf in Aanhangaal 4 mag slegs met die skiftelike toestemming van die direkteur geimmuniseer word.	1. Kontakdiere in 'n beheerde gebied moet algesonder en geimmuniseer word soos deur die direkteur bepaal. Kontakdiere buite die beheerde gebied mag nie na 'n beheerde gebied beweeg sonder die toestemming van die direkteur nie.	1. Besmette diere in 'n beheerde gebied moet algesonder word vir die typerk deur die direkteur bepaal. 2. Besmette diere buite 'n beheerde gebied mag nie na 'n beheerde gebied beweeg nie".
------------------------	---	-----------------	---	---	---

(b) die inskrywing van "Johne se Siekte" in die korrekte alfabetiese volgorde (in Tabel 2) in te voeg—

Johne se siekte	n Kroniese dieresiekte veroorsaak deur die bakterie <i>Mycobacterium paratuberculosis</i> en gekenmerk deur aanhoudende diarree, geleidelike vermaering en kenmerkende gegolfde verdikking van die slymvlies van die dikderm en rektum.	Beeste, skape en bokke	1. Vatbare diere mag deur 'n beampte of veearts getoets word.	Kontakdiere moet algesonder en getoets word deur 'n beampte of veearts.	Besmette diere moet algesonder en by 'n abattoir geslag word of onder toesig van 'n beampte vernietig word."
-----------------	---	------------------------	---	---	--

*Invoeging van Regulasie 20B van die Regulasies*

6. Die volgende regulasie word hierby na regulasie 20A van die Regulasies ingevoeg:

**"Aanhouding van Ekwide en Zebra in die Afrikaanse Perdesiekte beheerde gebied [9 (2) (a)]**

20B. (1) Geen persoon mag enige Ekwide of Zebra of enige grond in die Afrikaanse Perdesiekte vry soos omskryf in Aanhangsel 4, aanhou nie tensy sodanige ekwide, Zebra en grond vir hierdie doel by die direktoer geregistreer is nie.

(2) Geen ekwide of zebra binne die Afrikaanse Perdesiekte vry sone en die Afrikaanse Perdesiekte waarnemings sone, soos omskryf in Aanhangsel 4, mag teen Afrikaanse Perdesiekte ingeënt word sonder skriftelike toestemming van die direkteur nie.

(3) Alle ekwides in die Afrikaanse Perdesiekte beskermde sone, soos omskryf in Aanhangsel 4, moet Afrikaanse Perdesiekte geënt word op die wyse bedoel in kolom 4 van Tabel 2 teenoor die beheerde dieres 'Afrikaanse Perdesiekte'.".